**22 Januarie**

## ’n Vaderlike gesprek

**Skrifgedeelte: Spreuke 23:12-28**
**Fokusgedeelte: Spreuke 23:15, 16, 24**

Die meeste mans droom daarvan om eendag ’n seun te kan hê wat as kleuter op sy skoot kan sit, met wie hy as tiener so baie dinge kan deel, en om te kan sien hoe hy tot volwassenheid groei. Dit is ’n lewensvreugde wat geld nie kan koop nie; God alleen kan dit aan ’n man gee – die vreugde van vaderskap!

Tog word die belewing van vadervreugde al minder ervaar. Die moderne lewe laat min tyd vir hierdie geestelike vreugde – vaders is te besig om in die materiële behoeftes van sy kinders te voorsien, en kinders se programme het self oorvol geword.

Die vader-seunverhouding is egter nog meer as dit. Dit is ook ’n verbondsverhouding deur God self gebind. In Spreuke 23 is so ’n vader in gesprek met sy seun wat Hy van die Here ontvang het, en vir wie hy lewenswysheid moet leer. Hierdie wysheid is nie menslike slimmighede nie, maar word uit die Woord van God geput, deur die vader aan sy seun oorgedra, en deur die Heilige Gees op die harte van die kinders neergeskryf.

Vaders, praat julle nog met julle seuns, leer julle hulle nog die wysheid van die Here? En seuns, luister julle nog na julle vaders? Hulle is nie uit die outyd nie, hulle wysheid mag dalk nie inpas in die moderne jongmens se beskouing oor die seksuele, oor drankgebruik en dergelike nie, want dit is die wysheid van die Here wat in hierdie lewe gemoedsrus en ’n goeie gewete verseker, en eendag die vreugde van ons Hemelse Vader!

*Sing: Ps 128:3 (Totius)*

*Dr. Marius Aucamp (Durban)*